Checkers bied gratis meesterklasse aan

Checkers het onlangs ŉ reeks GRATIS aanlyn voedsel- en wynmeesterklasse bekendgestel. Dit sal deur kenners in hulle onderskeie velde gelei en die hele winter lank in Suid-Afrika aangebied word.

Enigeen kan die klasse volg, toegang is te eniger tyd moontlik en die klasse spog met ŉ sterre-rolverdeling, waaronder voedselskrywer en TV-aanbieder, Sarah Graham, Kaapse wynmeester, dr Winnie Bowman, glanssjef en Checkers-handelsmerkambassadeur, Zola Nene, en Suid-Afrika se eerste Michelinstersjef, Jan Hendrik van der Westhuizen.

Omdat mense meer tyd tuis bestee, is Checkers se meesterklasreeks daarop gemik om kykers met voedsel te begeester. Kykers word aan nuwe tegnieke bekendgestel en hulle word geleer hoe om bestanddele ten beste te benut, om gesonde, voedsame, kostedoeltreffende en inspirerende maaltye in hulle eie kombuise te skep.

Elke meesterklasaanbieder sal die kykers deur hulle spesifieke kundigheidsterrein begelei in maklik volgbare video's met nabyskote. Waar van toepassing, word die volledige resepte en bestanddele genoem, en is dit geredelik by Checkers-supermarkte of via die Sixty60-toepassing beskikbaar.

Die eerste meesterklas – 'Eating for Life', wat deur Sarah Graham aangebied word – wys hoe kykers meer plantgebaseerde goedheid met plaasvars produkte in hulle dieet kan inbring, en is gratis op die Checkers-webtuiste of op die YouTube-kanaal beskikbaar.

"Suid-Afrika is die tuiste van talle ongelooflike sjefs en kenners in die voedsel- en wynbedryf, wat hier en oorsee reeds groot goed vermag het. Ons sien daarna uit om te beleef hoe hierdie informatiewe en vermaaklike meesterklasse die groot reeks produkte wat by Checkers beskikbaar is – waaronder ons nuwe Forage & Feast-reeks – sal inkorporeer om praktiese en inspirerende idees hierdie winter direk na tuiskombuise te bring," sê Willie Peters, Hoofbestuurder: Bemarking.

Bykomende meesterklasse in hierdie reeks sal in Julie en Augustus 2021 bekendgestel word.

EINDE